Berg-en-Dal

# Feesdiens op Paassondag

## Sondag, 5 April 2026



**"Terwyl hulle nog besig was om oor hierdie dinge te praat, staan Jesus self tussen hulle en sê vir hulle: 'Vrede vir julle! ...**
**So staan daar in geskryf dat die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en dat <u>in sy Naam bekering tot die vergewing van sondes aan alle nasies</u> verkondig moet word. Julle moet by Jerusalem begin, en getuies van hierdie dinge wees. En kyk, Ek sal die belofte van my Vader na julle stuur...'"**
(Lukas 24:36, 46-49)

**Ons verwelkom u met groot blydskap by ons erediens.**
Die diens volg die liturgie soos hierna uiteengesit – geen aankondigings dus.
Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke, sou u een benodig – u kan solank die Skrifgedeeltes en liedere vir vanoggend se diens daarin opsoek.

MAAK ASSEBLIEF SEKER DAT U SELFOON STIL GESTEL IS.

**Weer onthou ons... die lyding, kruisiging en opstanding van Christus**

Ons kom vanoggend aan die einde van vanjaar se Groot Lydensweek en Paasgebeure; 'n liturgie wat **Donderdagaand** met die Laaste Avondmaal begin het en waarin ons diepste vrae en verlange na God opgeneem is; waardeur ons sáám kon bid en waartydens ons voor ons oë die gebreekte brood en die wynkelk kon sien en proe; **Vrydagoggend** te midde van 'n kruisverhoor, hamerslae en die spotstemme op Golgota kon hoor hoe daardie gelade woorde spreek, só onverwags en vol genade, soos net Hý kon wees –

*"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie…"*
(Lukas 23:34).

**Stille Saterdag** is die middelste dag van hierdie Paastriduum, deur die Amerikaanse Metodiste-predikant Jan L Richardson beskryf as *"… a day of waiting, remembering to breathe, willing ourselves to turn to one another when grief lays hold of us. It is a day to open ourselves to the One who goes into the places of deepest pain and darkest fear, in order to bring us out."*

**Vanoggend** roep ons dit alles weer voor die geestesoog. Om dan – op die boodskap van die engel en die vroue – op te staan vir 'n loflied! Die Opgestane Een, Eersteling uit die dood, se groet te hoor: "Vrede vir julle!" En te hoor, hoe Hy sê: "Ek stuur julle uit…"

**Klokgelui**

**HERINNERING**

**Eerste Skriflesing:** Lukas 22:7, 14 en 19
**Gebedslied:** Lied 399:1

**Tweede Skriflesing:** Lukas 22:47-51
**Gebedslied:** Lied 391:5

**Derde Skriflesing:** Lukas 23:33-34 en 40-43
**Gebedslied:** Lied 384 (Afr / Eng)

**Vierde Skriflesing:** Lukas 23:44-46, 49 en 54-56

**Dié besef:** "Christ has no body but yours…"
(Theresa van Avila / D Odgen / Matildie Wium)

**Stilte vir gebed**

**Vyfde Skriflesing:** Lukas 24:1-11

**Voorlesing:** "Paassondag" (Sheila Cussons)

"Hoe haas die voet, hoe gloei die bloed
hoe hardloop hulle want dis alles waar
hoe hardloop hulle soos Hy beloof het
hoe hardloop hulle Hom tegemoet."

**Vroue bring die boodskap...**

**Klokgelui**

## AANBIDDING

**Votumgebed:**
(uit Psalm 103)

Liturg: "Loof die Here, o my siel,
ja alles wat in my is,
loof sy heilige Naam!"

Gemeente: "Hy wat al my sondeskuld vergewe,
wat al my siekte genees,
wat my lewe vrykoop van die graf,
wat my kroon met troue liefde en ontferming!"

Liturg: "Barmhartig en genadig is die Here,
geduldig en oorvloedig in troue liefde.
So hoog as wat die hemel bo die aarde is,
so troon sy troue liefde uit bo dié wat vir Hom ontsag het."

Gemeente: "Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders,
so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien.
Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons."

**Seëngroet**

Liturg: "Die Heer het opgestaan!
Vrede vir julle!"
Gemeente: "Die Here het waarlik opgestaan!"

**Lofprysing:** "Hoor jy die Paasfeesklokke?" (Lied 409:1 en 2)

## VERKONDIGING

**Gebed om die opening van die Woord**

**Sesde Skriflesing:** Lukas 24:13-35 en 36-49

**Verkondiging**

**Danklied:** "Die Here Jesus lewe" (Lied 421:1 en 2 - staande)

## VIERING

**Doopbediening aan Liam David Gray**

**Dooplied:** "My enigste troos" (Lied 292:1 en 2)

**Offergawe & orreltussenspel**

## UITSENDING

**Slotlied:** "O Heer, u laaste woorde" (Lied 485:1, 2 en 3 – staande)

**Seënbede**

**Naspel:** "Halleluja"
(Uit: "Die Messias" – GF Handel)

Ons opregte dank vir 'n geseënde Paasviering gaan aan almal wat op een of ander manier meegewerk het aan ons eredienste – en in besonder, aan:

Johan Cromhout (orrelis).
Matildie Thom-Wium (sopraan), Anmari v/d Westhuizen (tjello) en Elspeth Neary (viool).
Francois Smith, Helena Samuel, Francois Strydom, Claudine Engelbrecht en Ethan Kleynhans (voorlesers).
Vroue en helpers vir die uitdoof van die kerse, die stroping en voorbereiding van die liturgiese ruimte; Marius en Ellen-Anne Swart vir die blomme;
Germarie Adendorff en Wyke 12 en 13 vir die tee en paasbroodjies.
Faan du Toit en die ouderlinge aan diens; JP Joubert en die Diakonie.
Oom Piet Wilken (terreinbestuurder), Rachelle Wilson (klank), die digitale span vir die regstreekse uitsendings en Marthina van Zyl vir logistieke hulp.

Ons nooi jou uit om nou ná die erediens, 'n koppie tee en paasbroodjie in die binnehof te kom geniet. Mag jy en jou geliefdes 'n geseënde rusdag en Paastyd verder beleef.